

SONDAG 13 Jan 2002
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS

Liedjies vir Johan Botha Mic 1 - Tersia Mic 2 - Sakkie / Charles
--

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
Digbord	Musiek	Panfluitmusiek	CD1
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof		
Hannes	Lof	LB200:1-2 “U goedheid Heer kan ons nie “ U-1:1-2 “U goedertierenheid” L-8:1-3 “Loof Hom / Dien Hom / Dank Hom”	LB200:1-2 ugoeder:1-2 Loofhom:1-3
Liturg	Oproep tot aanbidding		
Hannes	Aanbidding	O-2:1-3 “Ons Koning kom” JR16:1-2 “Jesus, groot bo almal”	onskoning 1-3 JR16:1-2
Liturg	Oproep tot skuldbely	Daniël 9:3-19	
Hannes	Skuldbelydenis	JG18 (2x) “Heilig heilig heilig”	JG18 (2x)
	Gebedslys		
Ouderling	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing	2 Kron 6:12-42	Skrif
Liturg	Preek	Hou hierdie tempel dag en nag onder u sorg...	Skrif
Digbord Almal	Musiek Toewyding	Willie Joubert: snit 2 “In U teenwoordigheid” Stilgebed	CD2
Liturg	Gebed		
Diakens Digbord	Offergawe Musiek	Afkondings op bord Goue treffers: snit 3,4,25,27	afkondig
Hannes	Lied	LB278 & 279 (2x) “Hoor ons bid o Heer” “Hoor ons sug o Heer”	LB278 & 279 (2x)
Liturg	Seën		

2 Kron **6** Toe het Salomo gesê: “Die Here het gesê Hy wil in duisternis woon. (dik wolk wat oor die tempel kom)

PREEKSKETS

INLEIDING

Hierdie is 'n baie spesiale tyd van die jaar.

- Dis 'n tyd waarin 'n mens baie terugdink.
 - oor alles wat in die vorige jaar gebeur het.
 - oor die mooi dinge wat jy in 2001 gedoen het.
 - oor die foute wat jy in die vorige jaar gemaak het.
 - Daarom het ons twee weke gelde gepraat oor die tema: Maak klaar met die dinge van 2001.
 - Maak jou los van die mislukkings van 2001
 - Maak jou los van die sondes van 2001
 - Maak jou los van die valse sekuriteite van 2001.
 - Moet dit nie saamvat nie.
 - Begin oor.
 - Begin weer.
- Dis 'n tyd waarin 'n mens baie vorentoe dink.
 - Drome
 - Ideale
 - Dinge wat 'n mens wil bereik.
 - Dinge wat jy hierdie jaar wil doen.
- Dis belangrik dat 'n gemeente dieselfde sal doen.
 - Dat 'n gemeente drome sal droom.
 - Ideale sal koester.
 - Dat 'n gemeente weer sal nadink: Wat doen ons hier?
 - Wat wil ons bereik in 2002?

In die afgelope weke het ek dikwels in die middag hier voor die kerk op die gras kom sit.

- En ek sit en kyk vir ons mooi tuin.
- En vir hierdie kerkgebou wat die Here vir ons gegee het.

Wat is ons droom vir hierdie plek in 2002?

- Wat wil ons hê moet hier gebeur?
- Weet julle wat is my droom?
- Dieselfde as Salomo s'n toe hy daardie dag die tempel ingewy het.

Kom ons gaan kyk 'n bietjie wat was hulle droom vir die tempel.

[**BOU VAN TEMPEL**]

Vir 1000e jare geen plek van aanbidding.

Baie jare later - in die woestyn - het die volk 'n tabernakel gebou.

Soos wat hulle getrek het, het hulle die tabernakel oral saamgeneem.

En toe kom hulle uiteindelik in die beloofde land.

En hulle kry hulle eerste koning: Saul.

En toe die tweede koning: Dawid.

- Hy wou graag vir die Here 'n tempel bou.(2 Sam 7:2, 1 Kron 22:7)
- Dit was sy droom.
- Maar die Here wou nie gehad het hy moet dit doen nie.(2 Sam 7:5-9, 1 Kron 22:8)
- Sy hande was vol bloed.

[Baie van ons sou seker 'n tantrim gegooi het: Nou goed Here - dan sal ek ook nie 'n tempel bou nie]

- Dawid was anders:
 - Gaan voort met al die voorbereidings vir bou (1 Kron 22:2-5)
- Toe was dit baie makliker vir Salomo om die tempel te bou.
- Gebou met vrywillige gawes van gemeente.
- 30 000 Israëliete bou aan tempel (1 Kon 5:13,14)
- Ook al die vreemdelinge (2 Kron 2:2, 17,18 1 Kon 5:15)
- Gebou sonder geraas van hammers, byle en gereedskap (1 Kon 6:7)

Dit was 'n indrukwekkende gebou:

*2 Kron 3: ⁵Die **groot vertrek** (heiligdom) het hy met sipreshout uitgevoer, met egte goud oorgetrek en daarop palms en kettings laat uitsny. ⁶Hy het die vertrek versier met kosbare edelstene. Die goud was Parwajimgoud. ⁷So het hy die hele vertrek met goudplaat oorgetrek, die balke, drumpels, mure en deure daarvan, en aan die mure het hy ook nog gerubs laat uitsny.*

*2 Kron 3:⁸ Die **Allerheiligste** het hy tien meter lank gemaak, net so lank as wat die gebou breed was. Die breedte daarvan was ook tien meter. Hy het die vertrek met egte goud oorgetrek, sowat twintig ton. ⁹Die goue spykers het bietjie meer as 'n halwe kilogram geweeg. Ook die bovertrekke het hy met goud oorgetrek.*

2 Kron 3:10 ¹⁰In die Allerheiligste het hy twee gerubs gemaak, gegote stukke, en hulle ook met goud oorgetrek. ¹¹Die vlerke van die gerubs was saam tien meter lank

2 Kron 3:¹⁴ Die voorhangsel het hy gemaak van blou, pers en bloedrooi wol en van linne, en daarop gerubs laat uitwerk. ¹⁵Voor die tempel het hy twee pilare opgerig, sewentien en 'n half meter hoog, met 'n kapiteel van twee en 'n half meter op elkeen.

4 *Hy het die bronsaltaar gemaak, tien meter lank, tien meter breed en vyf meter hoog.*

2 Kron 4:Hy het honderd goue komme vir besprinkeling gemaak.

Ja, die Tempel was 'n indrukwekkende gebou.

- Dit was net die beste.

Weet julle: 'n Mens kan maar vir die Here die beste gee.

Dis nie waar dat die kerk altyd die "cheapste" matte moet hê nie.

- Regoor die hele wêreld het die mense gepraat van hierdie tempel.
- Dit was een van die grootste argitektoniese wonders van daardie tyd gewees.
- Dit was iets waarvan almal gepraat het.

Dit alles uit vrywillige bydraes van die gemeente.

- Want God moes net die beste kry.

[INWYDING - GROOT FEES]

En toe alles klaar gebou is, word die verbondsark in die tempel ingedra.

- Binne-in was die wet van die Here.

2 Kron 5:8

- Al die priesters het hulle gereinig
- Die Levitiese sangers het langs die altaar gaan staan.
- Staan reg met harpe, simbale en liere.
- Langs hulle staan 120 priesters wat trompet speel.
- En die volgende oomblik trek hierdie hele "band" weg - soos een man.
- En hulle speel 'n loflied: "Want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie." (Ps136)

En toe breek die groot dag aan.
Die dag waarop hierdie indrukwekkende tempel ingewy gaan word.

Dit was 'n openbare vakansiedag
Die hele volk was daar.
Niemand wou hierdie groot dag misloop nie.
Van oral af het die mense opgetrek na Jerusalem.
Vir die inwyding van hierdie massiewe tempel.

2 Kron 7:4

- Koning en hele volk bring hulle offers.
- 22000 beeste
- 120000 kleinvee
- *2 Kron 7:5 So het die koning en die hele volk die tempel van God ingewy*
- En hier aan die anderkant staan die priesters en Leviete
- Gereed met hulle instrumente.
- Gereed om 'n lied vir die Here te sing.
- Al die instrumente spesiaal gemaak vir hierdie dag.

En dan kla party mense oor ons musiekgroep.
Sjame!

En dan begin hulle feesvier.

- Eers vir 7 dae lank.
- Maar dit was nie genoeg nie.
- En toe nog 'n dag.
- En toe bly hulle sommer daar by die tempel vir die huttefees.
- Nog 7 dae.
- En eers op die 23e van die 7e maand het almal weer huistoe gegaan.

Wat 'n fees!

- Ons moet een ding nog by die Jode gaan leer.
- Hoe om fees te vier.
- Hoe om uitbundig te raak oor God.
- Hoe om te dans en te sing en te spring oor God.

Ons kan nie meer "party" hou nie.

- Miskien is dit hoekom die tieners by die verkeerde plekke gaan party hou.
- Want die kerk weet nie meer hoe om party te hou nie.
- Die kerk weet nie meer hoe om vir 15 dae fees te vier nie.

Daai Jode het geweet wat dit is om "uit jou kassie te wees" oor God.

Wat 'n partytjie.

TOESPRAAK

Maar wat vir my die meeste uitstaan op daardie dag is Salomo se toespraak.

2 Kron 6:12 ¹² Toe gaan staan Salomo regoor die altaar van die Here, voor die hele gemeente van Israel, en strek sy hande uit. ¹³ Hy het op 'n bronsverhoog gestaan wat hy gemaak het en in die voorhof gesit het. Dit was twee en 'n half meter lank, twee en 'n half meter breed, een en 'n half meter hoog.

So bietjie hoër as ons verhoog.

Om die waarheid te sê: 3 keer so hoog soos ons s'n.

En toe.

Toe begin hy natuurlik met sy toespraak van 40 minute.

En hy vertel van sy visie om hierdie tempel te bou.

En hoe almal gehelp het.

En hoe swaar die werk was.

En toe hy klaar is, toe doen hy vir 20 minute bedankings.

Nee, kyk bietjie hoe lyk Salomo se toespraak:

Hy het daarop gaan staan en toe kniel hy voor die hele gemeente van Israel en strek sy hande uit na die hemel toe¹⁴ en sê: “Here, God van Israel, in die hemel of op die aarde is daar nie nog ’n God soos U nie.

Weet jy hoe lyk Salomo se toespraak.

- 'n Gebed!
- Agter die podium?
- Nee.
- Op Sy knieë voor God en voor die volk.
- En kyk wat bid hy:

2 Kron 6:²⁰ Hou hierdie tempel dag en nag onder u sorg, die plek waarvan U gesê het dat U u Naam daar wil vestig, sodat U die gebed kan hoor wat ’n dienaar van U na hierdie plek toe bid.

SALOMO HET GEWEET GOD BLY NIE IN DIE TEMPEL NIE

2 Kron 6:¹⁸ “Sou God werklik by die mens op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het!

[*2 Kron 6:²¹ Hoor tog die smeekbedes van u dienaar en u volk Israel wat hulle na hierdie plek toe bid, hoor dit tog uit u hemelse woonplek*]

En tog bid hy dat God op 'n baie spesiale manier by die tempel sal wees:

- Om wat te doen?
- Om elke gebed te hoor wat mense in hierdie tempel kom bid.
- Om elke omie en tannie wat hier instap, se gebedjie te hoor.
- Om elke kindergebedjie te hoor.
- Om elke sieke se gebed te hoor.

[PLEK WAAR 'N MENS VERGIFNIS, GENESING ENS. KAN KRY]

Al wat Salomo vir die Here vra:

- Hou hierdie plek onder U sorg.
- Verhoor elke gebed wat hier gebid word.

As hier iemand kom...

- v22 : bevry van vloek wat oor iemand geplaas is
- v24 : “As u volk Israel deur ’n vyand verslaan word omdat hulle teen U gesondig het en hulle kom tot inkeer en bely u Naam en bid tot U in hierdie huis en smee U
- v26 : “Wanneer die hemele toegesluit bly en daar nie reën is nie omdat hulle teen U sondig, en hulle bid na hierdie plek toe en bely u Naam terwyl hulle hulle van hulle sonde bekeer en vra

dat U hulle gebed sal verhoor

- “Sou daar hongersnood in die land kom, sou daar pes uitbreek, brandkoring of roes, swerms sprinkane en voetgangers, sou dit gebeur dat die volk se vyande hom in sy stede hier in die land beleër, watter plaag of siekte hom ook al tref
- ³⁴ “Sou u volk teen sy vyande uittrek in ’n oorlog wat deur U beveel is
- ³⁶ “Sou hulle teen U sondig, want daar is nie ’n mens wat nie sondig nie, en U in u verontwaardiging hulle aan ’n vyand oorgee sodat hulle as gevangenes weggevoer word na ’n land, ver of naby, ³⁷ en hulle daar in dié land waar hulle gevangenes is, tot inkeer kom en hulle weer tot U wend en U daar in die land van hulle gevangenskap smekend aanroep:

Is dit nie wonderlik nie.

Wat is Salomo se droom?

- Dat hierdie 'n plek van gebed sal wees.
- En dat mense hierheen sal stroom om te bid.
- En die Here elke gebed sal hoor.

[TEMPEL: OOK PLEK VIR VREEMDELINGE]

En dis nie net sy droom vir die Israeliete nie..

- Die tempel was nie net vir hulle nie.
- Hy bid dit ook vir die vreemdelinge
- ³² “*Luister ook na die vreemdeling wat nie uit u volk Israel is nie en, omdat hy gehoor het van u groot Naam, u mag en krag, selfs uit ’n ver land kom en na hierdie tempel toe bid.*³³ *Luister tog uit die hemel, u woonplek, en doen alles wat die vreemdeling U in sy gebed vra, sodat al die volke van die aarde u Naam kan ken*

Wat is ons drome vir Suid gemeente in 2002?

Wat is ons drome vir hierdie plek / gebou?

Ek het drie drome vir ons gemeente vir 2002:

Dat hierdie kerkgebou...

1. Plek vir vergifnis / genesing ens
 - Dat elke oom of tannie wat hier inkom - genees sal word.
 - En hier kom sit en bid
 - Genesing sal kry.
 - Aangeraak sal word.
 - Dat as daar 'n man of 'n vrou hier sit wiese huwelik besig is om te verbrokkel
 - en hulle kom hierheen
 - en hulle kom bid vir hulle huwelik
 - dat die Here daardie gebed sal verhoor
 - en daardie huwelik sal red.
 - Dat as hier ouer kom sit
 - bekommerd oor hulle kinders
 - en hulle kom roep die Here se naam aan
 - dat Hy hulle gebed sal verhoor.
 - En hulle kind sal red.
 - Dat as hier iemand kom wat nie meer kans sien vir die lewe nie

- en besig is om oor te gee
- en hulle bid tot die Here
- dat Hy hulle sal hoor.
- En vir hulle die krag van 'n arend sal gee.
- As hier iemand kom wat 'n geliefde verloor het
 - en hulle harte is seer
 - en hulle roep die Here se Naam aan
 - dat Hy hulle sal hoor
 - en die trane van hulle oë sal afdroog.
- Mag hierdie gebou in 2002 'n plek wees waar mense...
 - vergifnis kry
 - liefde kry
 - nuwe moed kry
 - krag kry
 - nuwe kanse kry
- Ja, mag die Here elke gebed verhoor wat hierdie jaar hier gebid gaan word.

2. Plek vir vreemdelinge

- My tweede wens is dat hierdie gebou, net soos die Tempel, 'n plek sal wees waar vreemdelinge welkom is.
 - Dat dit nooit net oor onself sal gaan nie.
 - Dat ons nooit 'n klub sal wees wat net vir party mense bedoel is nie.
 - Maar dat vreemdelinge van die straat af die moed sal hê om hier in te kom.
 - Omdat hulle gehoor het dat die Here hier teenwoordig is.
 - Dat mense / vreemdelinge van ver af sal kom, omdat hulle gehoor het dat die Here hier is.
 - En dat die Here nie net ons gebede sal verhoor nie.
 - Maar ook elke vreemdeling wat hier sou kom bid, se gebed.

3. Plek van gebed

- Mag hierdie gebou (soos die Tempel) 'n plek wees van gebed.
- Jare na Salomo het die Here Jesus weer ingestap in die tempel.
 - Dit het goed gegaan met die offers.
 - Dit het goed gegaan met die verkope.
 - Daar was baie mense.
 - Maar dit was nie meer 'n huis van gebed nie.
 - En daarom het Hy die tafels omgegooi.
 - En mense met swepe uitegjaag.
 - Want dit was bedoel as 'n plek van gebed.

Mag hierdie kerkgebou 'n huis van gebed wees in 2002.

- Nie van preke oor gebed nie.
- Van gebed.
- Nie van stilgebde van 20 sekondes nie.
- Van gebed.

Kan ek u uitnoui na ons week van gebed.

Elke aand hierdie week.

Die program is in die Onder Ons.

Mag die Here elke gebed hoor wat hiervandaan gebid word.